

LAAT DIE LIG SKYN

Maak jou huis veiliger én mooier met
buiteligte van Cashbuild



PRAAT van ligte en jy dink dadelik aan jou beligting binne die huis, maar moenie van hallogeen-buiteligte en slim beligting in jou tuin vergeet nie. Dit kan 'n groot verskil maak – nie net om jou veilig en gerus in jou huis te laat slaap nie, maar ook om die huis en tuin op hul beste te laat vertoon.

Dis tyd dat jy met nuwe oë na die beligting buite kyk – dit behels veel meer as om net die pad na jou voordeur te verlig.

Die veiligheidsaspek van voldoende beligting by jou ingange en opritte kan nie onderskat word nie. Maar terselfdertyd kan beligting ook gebruik word om die aansien van jou huis nog verder te verhoog.

Deur bloot 'n paar ligte op die regte plekke in jou tuin en teen buitewand te installeer, kan jy voorwaar jou huis in 'n nuwe lig sien.

Dink net hoe belangrik is beligting in 'n teater en hoe dit bydra om die regte atmosfeer te skep. Gee nou jou verbeelding vrye teuels oor hoe jy lig en skadu om jou huis kan gebruik om dieselfde effek te hê.

Die verbruikerskampioen Cashbuild het 'n uitsonderlike reeks beligtingsprodukte wat jou sak en smaak sal pas.

Een van die produkte op die rak is dag-/nagskakelaars waarmee jy beligting by die huis of by jou werk binne en buite kan outomatiseer.

Omdat die ligte saans outomaties aangaan, is dit moeilik vir buitelanders om uit te pluig of jy by die huis is of nie. Die dag-/nagskakelaars is 'n waardevolle toevoeging tot die beveiliging van jou huis en sal oortreders afskrik.

Beligting saans in jou tuin kan 'n dramatiese verskil maak en jou tuin in 'n lus vir die oog omskep nadat die son gesak het.

Watter ligte jy ook al kies, Cashbuild help jou buiteruimtes in iets betowerends omskep sodat jy dit dag en nag ten beste kan benut.

BUIE- EN TUINBELIGTING

By Cashbuild is daar beligting vir alle seisoene én smake. En met 'n bietjie verbeeldingskrag kan jy wonderde daarmee verrig. ■ 'n Lig aan die doer van 'n tuin-

beeld wat boontoe skyn, sal dit 'n dramatiese effek help skep. Een naby 'n boomstam sal weer 'n wonderlike skadu-agtige effek hê.

■ Kolligte teen 'n muur gemonster, laat muurteksture en -kleure nuwe lewe kry.

■ Lanternligte teen die muur langs paadjies is die ideale oplossing as geen of min lig van straat- of huisligte op jou tuin skyn. Dit sal 'n einde maak aan die dae dat gaste maklik in die

donker oor iets kon val.

■ Kombineer strategies geplaasde muurligte en verstelbare kolligte om die fokus op die buitekant van jou huis te versterk.

WENK Skakel na kompakte buisligte (CFL's) oor vir dieselfde lig-intensiteit, maar met 'n laer kragverbruik (watt) en spaar elektrisiteit.

Cashbuild
GEHALTE BOUMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYSE
100 winkels en ons groei steeds dwarsoor suidelike Afrika

WENKE OM GLOEILAMPIES OM TE RUIL

■ Maak seker die lig is afgeskakel. As dit 'n lamp is, trek die muurprop uit.

■ Gebruik gloeilampies volgens die spesifikasies van die produk waarin jy dit installeer. 'n Te hoë watt kan oorverhitting en 'n brandrisiko veroorsaak.

■ Sorg dat gloeilampies stadig ingeskroef is, want los gloeilampies kan vonke of kortsluitings veroorsaak.

■ Laat die gloeilampie afkoel voor jy dit verwyder. As jy haastig is, gebruik 'n oondhandskoen wanneer jy dit uithaal.

■ Moenie met nat hande aan

'n gloeilampie of skakelaar raak nie.

■ Raak ontslae van gebruikte gloeilampies sodat kinders of troeteldiere nie daarmee kan speel en hulself beseer nie.

■ Staar op iets stabiel soos 'n leer of 'n stoel as jy nie lank genoeg is om by 'n gloeilampie by te kom nie.

BLINK IDEE vir die verwydering van 'n gebreekte gloeilampie. Sny 'n klein aartappel in die helfte; druk die halwe aartappel sagkens teen die gebreekte deel van die gloeilampie. Druk dit dan dieper by die ligsok in en draai dit versigtig anti-kloksgewys.